CODLGRAN®

Effektiewe Biologiese Beheer van
Kodlingmot op Kernvrugte



Effektief

Geen Residu


IPM-Vriendelik

River Bioscience

River Bioscience (Pty) Ltd
www.riverbioscience.co.za
admin@riverbio.com

Die Probleem:

Cydia pomonella, ook bekend as die kodlingmot, is 'n sleutelpes van vrugte in beide plaaslike en internasionale markte. Hierdie mot behoort aan die familie Tortricidae en die spesie is veral bekend vir die skade wat hul aan kernvrugte, soos appels en pere, aanrig. Skade aan gewasse word veroorsaak deur larwevoeding, wat die vrugte onbemarkbaar maak. As dit nie behandel word nie, kan kodlingmot infestasies aansienlike verlies in opbrengste binne die kernvrugbedryf veroorsaak.




Hoe Beskadig Kodlingmot Jou Gewasse?

- Volwasse motte lê eiers op vrugte, wat gewoonlik binne 5-12 dae uitbroei. Eiers is moeilik om op te spoor en kan slegs gevind word deur 'n deeglike inspeksie.
- Daar is twee soorte skade wat veroorsaak word deur kodlingmotlarwes: steke en diep ingangsgate.
- Steke word veroorsaak deur nuut uitgebroeide larwes wat op die oppervlak van die vrugte voed. Hierdie aanvanklike voeding lei tot vlak uitgegrawe letsels. Steke word dikwels veroorsaak deur larwes wat gevoed het, maar daarna gesterf het as gevolg van natuurlike vyande of insekdodende bespuitings.
- Steke kan onooglik wees en lei tot sekondêre infeksies.
- Diep ingangsgate word veroorsaak deur larwes wat suksesvol vrugte binnegaan. Larwes tonnel na die kern van die appel, waar hulle op die vlees en sade voed.
- Vrugteweefsel rondom die diep penetrasiegate breek af as gevolg van bakterieë en tonnels word dikwels deur afskeiding (frass) gevul, wat opletbaar is by die ingangsgat.
- In ryp vrugte sink penetrasiegate in en word bruin soos beskadigde weefsel verval. Interne besering kan lei tot vrugte wat voortydig ryp word en vrugteval.
- Larwes dring dikwels in die vroeë seisoen via die calyx binne. Hierdie ingangsgate is moeilik om op te spoor sonder om die vrugte te sny, wat vrugtesanitasie uitdagend maak. Kant ingangsgate in die latere seisoen is makliker om te identifiseer.

Die Oplossing: CODLGRAN®

Codlgran® is 'n insekpatogeniese virusformulasie wat ontwerp is om kodlingmotlarwes te teiken voordat hulle vrugte infesteer.

Hoe Werk Codlgran®?



1. Codlgran® word op gewasse gespuit.
2. Larwes neem die virus in vanaf die oppervlakte van die vrugte.
3. Beskermende proteïen laag van die virus word verteer deur die hoë pH van die middelderm.
4. Die virus word deur mikrovilli geabsorbeer en virus replisering begin in die kern van die middelderm selle.
5. Die virus versprei deur die larwe en sekondêre replikasie vind plaas.

Die larwe sterf en stel virusdeeltjies vry in die omliggende omgewing wat sekondêre infeksie veroorsaak.

Codlgran® Voordele:

IPM-Vriendelik

Codlgran® is hoogs IPM versoenbaar. Dit beteken dat dit nie bydra tot sekondêre plaaguitbrake nie en veilig gebruik kan word te same met aangevulde voordelige insekvrystellings.

MRL Bestuur

Codlgran® kan tot oes gebruik word vir die beheer van kodlingmot larwes aangesien daar geen residu is nie.

Omgewings-vriendelik

No impact on beneficial insects and other life forms.

Effektief

Wetenskaplike proewe en data het getoon dat Codlgran® net so effektief is as konvensionele behandelings.


Geen Fitotoksisiteit

In alle veldproewe is geen fitotoksisiteit waargeneem vir enige dosis van Codlgran® nie.



Codlgran® Effektiwiteit en Proefdata:

Kumulatiewe vermindering in skade oor verskeie toedienings, met beheer gemeet tot 42 dae ná die finale toediening. Codlgran® was vergelykbaar met ander industriestandaarde.



Proef 1 het hoë vlakke van infestasie ondervind, wat die belangrikheid beklemtoon van die insluiting van Codlgran® in 'n geïntegreerde plaagbestuursprogram vir hoë-druk scenario's.

Die bogenoemde behandelingsresultate is gebaseer op die etiket toediening van 100 ml / ha.

River Bioscience

Skandeer vir meer inligting

Codlgran® - Reg. Nr. L11508 Wet Nr. 36 van 1947
NIE GEKLASSIFISEER AS GEVAARLIK ONDER GHS NIE | Aktiewe Bestanddeel: *Cydia pomonella* granulovirus Mexikaanse isolaat (CpGV-Mex) minstens 3 x 10^{10} okklusie partikels (OPs)/ml
LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK | Gebruik slegs soos aangedui
Registrasie Houer: River Bioscience (Pty) Ltd. | admin@riverbio.com | +27 41 373 1409 | www.riverbioscience.co.za | 5th Floor, Fairview House, 66 Ring Road Greenacres, PE, 6045